# AUXINS 2019

**ENGLISH**

| | |
|---|---|
| AUXINS hosted by | The Centre for Teaching and Learning (CTL) |
| Title of Presentation | Using Pecha Kucha as a psycho-educational facilitation tool for training school counsellors |
| Summary of Invitation | The CTL hereby invites you to a lunch-hour "padkos session" as part of the AUXIN Project. The AUXIN Project aims to create growth opportunities for SU lecturers. |
| Title and Name of Presenter(s) | Dr L Damons; Ms C Jacobs and Dr L Dreyer |
| Short Biography | The presenters are lecturers in the Department of Educational Psychology in the Faculty of Education. They are involved in the training of teachers and are all educational psychologists. |
| Blurb | The Health Professions Council of South Africa (HPCSA) requires BEd Hons (Educational Psychology) students to provide psycho-education. The rationale for this research is that students go beyond the time limit they have. This is problematic as the gap between presentation and engagement compromises authentic learning. The purpose of this research was to introduce students to Pecha Kucha (PK) as an alternative form of psycho-educational presentation. PK is a novel and ingenious PowerPoint presentation format that contains twenty slides with visuals and minimal text, presented in twenty seconds (Murugaiah, 2016). This research is situated in a professional learning community (PLC) theoretical framework. There is international consensus that PLC creates opportunities for sustainable reflexive praxis that promote pragmatic co-construction of knowledge and the ability to critically reflect and creatively use strategies to problem solving in a process of continuous learning (Du Four, 2004; Mezirow, 1990). This interpretive qualitative research was conducted within a participatory action research (PAR) design. It was based on the epistemological assumptions that are social constructivist in nature (Creswell, 2007). The ontology of social constructivism is that reality is socially constructed, which will encourage reflexive praxis of critical skills of the responsive counsellor (Denzin & Lincoln, 2011).<br><br>Research question: How do trainee counsellors experience Pecha Kucha as a facilitation tool for psychoeducation with learners of varying ages in schools?<br><br>This purposive sample constituted of voluntary participants enrolled in the BEd Hons (Educational Psychology) programme at a university. Data was collected through participant generated artefacts and a focus group reflection. An iterative data analysis method was used whereby data was collected with the aid of the ATLAS.ti computer program. The results indicated that the students found that it took longer to prepare a PK presentation. The use of PK encouraged interactive participation and improved information recall. |

| | |
|---|---|
| | Conclusions: PK has the potential to be useful in enhancing learning and in individual and collective capacity building within a PLC.<br><br>Implications: PAR can be a valuable research methodology to promote teacher/counsellor development within a PLC. The significance of this research lies in its exploration of new methods to foster a culture of creative critical engagement with academic context. |
| Key Words | Pecha-Kucha; professional learning community; participatory-action research |
| Date of Presentation | 26th of February 2019 |
| Time | 12:45 – 13:45 |
| Venue | Den Bosch, 41 Victoria Street (opposite House Skuilhoek and directly behind the Conservatoire) |
| **Please RSVP by completing the Google form:** https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfqtAwQGhYM9nKv0JeZVpkyhGew7LqVX79QLYMo-aZlHE7C9w/viewform?usp=sf_link | |
| Enquiries | Ms Nothemba Nqayi<br>nothemban@sun.ac.za<br>021 808 3717 |
| Cancellations | If, for some or other reason, you are no longer able to attend the AUXIN, we request that you please CANCEL your registration at least 24 hours before the time, by contacting Ms Nqayi (contact details above). There are certain financial costs incurred by the CTL for each AUXIN, and the request is to minimise financial implications. |
| More Information | A podcast will be available on the CTL website after the session: www.sun.ac.za/ctl |

**AFRIKAANS**

| | |
|---|---|
| AUXINS aangebied deur | Die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) |
| Titel van Aanbieding | Die gebruik van “Pecha Kucha” as ’n psigo-opvoedkundige fasiliteringsinstrument vir die opleiding van skoolsielkundiges |
| Opsomming van Uitnodiging | Hiermee nooi SOL u graag na ’n etensuurpadkossessie as deel van die Auxin-projek. Die Auxin-projek het dit ten doel om groeigeleenthede vir US-dosente te skep. |
| Titel en Naam van Aanbieder(s) | Dr. L. Damons, Me. C. Jacobs en Dr. L. Dreyer |
| Kort Biografie | Die aanbieders is dosente in the Departement van Opvoedkundige Sielkunde, Fakulteit Opvoedkunde. Hulle is betrokke by die opleiding van onderwysers en is aldrie opvoedkundige sielkundiges. |
| Opsomming (“Blurb”) | Die Raad van Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika vereis dat BEd Hons (Opvoedkundige Sielkunde) studente psigo-onderwys verskaf. Die rasionaal vir hierdie studie is dat studente hul tydsbeperking oorskry. Dit is problematies, aangesien die gaping tussen aanbieding en betrokkenheid outentieke leer kompromitteer. Die doel van hierdie studie was om studente aan “Pecha Kucha” (PK) as ’n alternatiewe metode vir die aanbieding |

| | |
|---|---|
| | van psigo-onderwys bekend te stel. PK is ’n innoverende en vernuftige formaat vir ’n “PowerPoint”-aanbieding. Dit bestaan uit 20 skyfies met beeldmateriaal en minimale teks, aangebied binne 20 sekondes (Murugaiah, 2016). Hierdie navorsing is gesitueer in die teoretiese raamwerk van ’n professionele leergemeenskap (“professional learning community”). Daar bestaan internasionale konsensus dat professionele leergemeenskappe geleenthede vir volgehoue refleksiewe praktyk verskaf en die volgende bevorder: die pragmatiese gesamentlike konstruksie van kennis en die vermoë om krities te reflekteer en kreatiewe strategieë vir probleemoplossing te gebruik in ’n proses van volgehoue leer (Du Four, 2004; Mezirow, 1990). Hierdie interpretatiewe kwalitatiewe navorsing is ontwerp en onderneem volgens deelnemende aksienavorsing. Dit is gebaseer op die epistemologiese aannames wat sosiaal konstruktief van aard is (Creswell, 2007). Die ontologie van sosiale konstruktiwisme is dat die werklikheid sosiaal gekonstrueer is. Dit moedig die refleksiewe gebruik van die kritiese vaardighede van die responsiewe berader aan (Denzin & Lincoln, 2011).<br><br>Navorsingsvraag: Hoe ervaar leerlingberaders Pecha Kucha as ’n fasiliteringsinstrument vir psigo-onderwys vir leerders van verskillende ouderdomme in skole?<br><br>Hierdie doelbewuste steekproef het bestaan uit vrywillige deelnemers wat vir die BEd Hons (Opvoedkundige Sielkunde) program by ’n universiteit ingeskryf was. Data is ingesamel deur artefakte wat deur die deelnemers gegenereer is en ’n fokusgroeprefleksie. ’n Iteratiewe metode van data-analise is gebruik om data met behulp van die ATLAS.ti rekenaarprogram in te samel. Die bevindinge het aangedui dat die studente ervaar het dit neem langer om ’n PK-aanbieding voor te berei. Die gebruik van PK het interaktiewe deelname aangemoedig en die herroep van inligting verbeter.<br><br>Slotsom: PK het die potensiaal om nuttig vir die bevordering van leer en individuele en kollektiewe kapasiteitsbou in ’n professionele leergemeenskap te wees.<br><br>Implikasies: Deelnemende aksienavorsing is ’n waardevolle navorsingsmetodologie om onderwyser-/beraderontwikkeling in ’n leergemeenskap te bevorder. Die betekenis van hierdie navorsing lê in die verkenning van nuwe metodes om ’n kultuur van kreatiewe interaksie in die akademiese konteks te bevorder. |
| Sleutelwoorde | Pecha Kucha; professionele leergemeenskap; deelnemende aksienavorsing |
| Datum van Aanbieding | 26 Februarie 2019 |
| Tyd | 12:45 – 13:45 |
| Plek | Den Bosch, Victoriastraat 41 (oorkant Huis Skuilhoek, direk agter die Konservatorium) |
| RSVP asseblief deur die volgende *Google Form* te voltooi: | |

| | |
|---|---|
| https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSfqtAwQGhYM9nKv0JeZVpkyhGew7LqVX79QLYMo-aZlHE7C9w/viewform?usp=sf_link | |
| Navrae | Me Nothemba Nqayi<br>nothemban@sun.ac.za<br>021 808 3717 |
| Kansellasies | Indien u, om watter rede ookal, nie meer die AUXIN kan bywoon nie, versoek ons dat u asseblief u registrasie ten inste 24 uur voor die tyd kanselleer, deur Me Nqayi te kontak (kontakbesonderhede hierbo). Daar is sekere kostes verbonde aan elke AUXIN vir SOL, en die versoek is om finansiële implikasies te minimaal te hou. |
| Meer Inligting | Na afloop van die sessie sal die potgooi beskikbaar wees op SOL se webtuiste: www.sun.ac.za/ctl |